

Maandag 2 Januarie

Skrifgedeelte: Rigters 3:7-10; 6:34; 11:29

Fokusgedeelte: Rigters 3:10; 6:34; 11:29

Die Heilige Gees maak bekwaam om te werk

Dit is duidelik dat die rigters Otniël, Gideon en Jefta nie die volk Israel kon rig sonder die besondere vervulling met die Heilige Gees nie. Dit is die Gees van die HERE wat bekwaam maak om te werk en om 'n leier te wees.

Waar kry u die bekwaamheid om u werk te doen? Is dit maar net oorgeërf of talente waarmee u gebore is? Ons mag oordeel dat gawes soos handewerk en kuns nie van die Gees af kom nie. Tog sien ons dat die HERE vir Moses beveel om Besaleël en Oholiab te gebruik om die tent van ontmoeting te bou. Volgens Eksodus 31:2 het die HERE Besaleël met die Gees toegerus om met vaardigheid ontwerpe van goud, silwer en brons te maak. So het die HERE ook Oholiab met die Gees toegerus om saam te werk. Dank u die HERE elke dag vir die gawes wat u ontvang het?

Let egter op dat die HERE die gawes stuur ná gebed van die volk. In die geval van al drie rigters het die HERE ná gebed van die volk hulle gestuur en deur sy Gees hulle toegerus om die volk te verlos (Rigt. 3:9; 6:7; 10:11). Bid ons vir leiers wat ons land en ander lande in die wêreld moet rig/lei? Bid ons dat die HERE mense sal toerus deur sy Gees om ons land op die regte weg te lei tot vrede en rus (NGB, Art. 36)? Bid ons gedurig vir ons predikante, vir u ouderling en diaken, dat die HERE deur sy Gees hulle sal toerus om hulle dienswerk tot eer van sy Naam te doen? U gebed maak hulle bekwaam sodat hulle met prediking en huisbesoek u kan vertrou en versorg soos herders 'n kudde moet versorg (HK v/a 116). Maak dit 'n nuwejaarsvoorneme om voortdurend vir leiers te bid, nie net huidige leiers nie, maar dat die HERE in die toekoms leiers deur sy Gees bekwaam sal maak om ons te lei.

Daar is nog een belangrike saak: Het u opgemerk dat in al drie gevalle waar die rigters geroep is, hulle met die Gees van die HERE vervul is? Die naam HERE is Jahwe, die Verbondsgod. Die redding gaan uit van die God van die Verbond tot Wie Israel in 'n besondere verhouding staan. Dit is die Gees van die HERE wat by Israel weer die bewustheid werk om hulle te bekeer van die afgode, hulle sonde te bely en na die HERE terug te keer.

Dieselfde Gees werk ook in ons, oortuig ons van ons sonde, maar troos ons met die evangelie van Jesus Christus, die Middelaar van die Verbond. Die evangelie dat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal ontvang.

Sing: Psalm 72:1, 2

Ds. PA (Peet) Coetzee (Emeritus)